Sondag Rogate (Bid) 17 Mei 2009

Ondersteuningstekste:Eks.32: 7-14; Joh 16:23b-28, 33; 1Tim.2:1-6a

Tema : Her-aktiveer die gebedskrag

Inleiding

Geliefdes in die Here,

In 'n mate kan my preektema vandag weer wees: *Waartoe is die mens in staat?,* maar ek sal dit maar aanpas tot *Her-aktiveer die gebedskrag.*

In die sitkamer, op die muur van een van my lidmate is 'n indrukwekkende ware geweer gemonteer op 'n prominente plek wat ek glo verskeie gesprekke tot gevolg het. Alhoewel dit uiterlik die ware Jakob is, is dit egter nutteloos, want die geweer is gede-aktiveer, die belangrikste werkende dele wat 'n geweer 'n geweer maak is verwyder. Dit kom net sowel 'n plastiek weergawe gewees het. Dit het my laat dink aan ons Christene se gebedslewe.

Vriende, ek weet nie hoe u gebedslewe daar uitsien nie, maar dit is my wens om u hierdie dag te her-aktiveer tot u kniee of algemene gesprek met God. Baie Christene is gede-aktiveer? Hulle lyk na die ware Jakob is gedoop en gekonfirmeer, maar een van die belangrikste dele naamlik gebed ontbreek in die daaglikse lewe. Vriende, gebed kan dinge laat realiseer; Gebed kan dinge neutraliseer; Gebed kan mense sensiteer (sensitize) vir die nood van ander.

Voordat ek hierna terugkom laat ons met mekaar redeneer en inderdaad aandui dat gebed nie maklik is nie. Ons Kerkvader Martin Luther het gese dat gebed van die moeilikste werk is, daarom word dit so min gedoen. Die probleem is dat gebed geen maklike ontleding toelaat nie. Job het uitgeskreeu: Here wat doen jy, hoekom gaan jy so te werke? Ek kan jou nie uitpluis nie? Jou wysheid is nie in pas met ons siening nie!Die antwoord van God (Job 38-41) het Hom egter gerus gestel. HY besef dan dat in God se wysheid , daar meer is as my verwagtinge en wense.... Ons moet God vertrou en maar net Sy uitnodiging tot gebed aanvaar.

1.Gebed kan dinge laat realiseer> Hoe gereeld is u en ek bly oor 'n gebedsverhoring? Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees. In plaas van voorbidding maak ons so baie op ons eie krag staat. Jesus wil he dat ons in Sy Naam na die Vader moet gaan en dinge voor Sy troon van genade bring. Ons het so baie beplanninge in ons eie lewe, familielewe, kerklike front, sosiale lewe. God wil deel daarvan wees. Hy wil die pad oopkap, reguitmaak, alles waar maak en ons sukses gee in ons onderneminge, maar dan moet ons Hom daarin ken.

2.Gebed kan dinge neutraliseer > Twee aspekte hier. Eerstens, kan gebed *God* se toorn afkoel. Ons het voorbeelde in Abraham en Moses wat intree voor God en Hy laat vaar Sy planne. Tweedens en veel meer belangrik: die bose kan ingeperk en geneutraliseer word. Hy gaan rond en soek wie hy kan verslind. Ons kan intree vir mense, bekend en onbekend, huwelike beskerm teen die aanslae, mense van selfmoord weerhou, misdaad kan bekamp word, uitbuiting van mense, mensehandel reg en geregtigheid kan geskied op ons gebede voor God.

3.Gebed kan mense sensiteer (sensitize) vir die nood van ander> jy kan nie opreg

bid sonder om empatie vir mense te he nie. Soos Jesus sal ons bewus word van die nood van mense. Die bybel se: Bid sonder ophou, hoe is dit moontlik? om elke situasie onder God se soeklig te bring> God te vra om in te gryp in situasies, uitkoms te bring, geduld, oorals met oop oe te beweeg. Dit is nie vir God nie, maar vir ons! Jy kan nie bid sonder om aangeraak te word nie.

Mag ons besef wat tot ons beskikking is, wat ons kan vermag? Dit kan soveel beter met ons gaan! Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid en julle sal ontvang. Moenie dat satan u neutraliseer nie, moenie dat die bose se planne realiseer nie, wees sensitief teenoor u naaste soos Jesus was. Die vrede van die Here sy met u almal. Amen.

< Billy Graham het gese: God listens to me everywhere-except on the golf course!>